**JOHAADIEN v STANLEY PORTER (PAARL) (PTY) LTD**
**[1970] 2 All SA 28 (A)**


| | |
|---|---|
| **Division:** | Appellate Division |
| **Judgment Date:** | 1 December 1969 |
| **Case No:** | not recorded |
| **Before:** | Steyn HR, van Blerk AR, Rumpff AR, Wessels AR en Jansen AR |
| **Parallel Citation:** | 1970 (1) SA 394 (A) |


• Keywords • Cases referred to • Judgment •

**Cases referred to:**

*Baumann v Thomas* 1920 AD 428 - Considered

*Grosvenor Motors (Potchefstroom) Ltd v Douglas* 1956 (3) SA 420 (AD) - Applied

*Heap v Motorist's Advisory Agency Ltd* (1923) 1 KB 577 (KB) - Referred to

*In Re Bahia and San Francisco Railway Co* (1868) LR 3 QB 584 - Discussed

*Kotze v Prins* 20 SC 156 (SC) - Referred to

*Low v Bouverie* (1891) 3 ChD 82 (ChD) - Referred to

*Mercantile Bank of India Ltd v Central Bank of India, Ltd* 1938 AC 287 (PC) - Referred to

*Mercantile Credit Compay Ltd v Hamblin* (1965) 2 QB 242 (QB) - Referred to

*Monzali v Smith* 1929 AD 382 - Referred to

*Pierson v Altrincham Urban District Council* (1917) 86 LJ (KB) 969 - Referred to

*Retief v Hamerslach* (1884) 1 SAR 171 - Referred to

*Rossouw and Steenkamp v Dawson* 1920 AD 173 - Considered

*Service Motor Supplies (1956) (Pty) Ltd v Hyper Investments (Pty) Ltd* 1961 (4) SA 842 (AD) - Referred to

*Strachan v Blackbeard and Son* 1910 AD 282 - Referred to

*Sutter v Scheepers* 1932 AD 165 - Referred to

*Trust Bank van Afrika Bpk v Eksteen* 1964 (3) SA 402 (AD) - Applied

*Union Government v National Bank of South Africa Ltd* 1921 AD 121 - Referred to

*Union Government v Vianini Ferro-Concrete Pipes (Pty) Ltd* 1941 AD 43 - Considered

*Woodhead Plant and Co v Gunn* (1894) 11 SC 4 - Referred to



**Judgment**

STEYN, H.R.: Hierdie is 'n appèl teen die handhawing van 'n eksepsie teen 'n pleit van estoppel by 'n *rei vindicatio.* Die respondent, die beweerde eienaar van 'n motorvoertuig, het dit in die Hof *a quo* uit die besit van die appellant opgeëis. Gerieflikheidshalwe sal ek die respondent die eiser noem en die appellant die verweerder. Volgens die pleitstukke erken die verweerder die besit van die voertuig, maar ontken die eiser se eiendomsreg. Daar is ook 'n alternatiewe pleit. Daaruit en uit nadere besonderhede wat verstrek is, blyk dit dat die verweerder die betrokke voertuig van ene Fakier gekoop het. Laasgenoemde het hom meegedeel dat hy die eienaar is, en, toe die verweerder bewys daarvan verlang, het Fakier hom na die eiser verwys. Die verweerder het daarop telefonies met die verteenwoordiger van die eiser in verbinding

getree, en dié het hom verwittig dat die eiser voertuie met ene Fakier geruil het, dat Fakier niks op die ruil verskuldig is nie en dat die voertuig sy eiendom is. Na aanleiding van hierdie gesprek, pleit die verweerder—

> „in so informing defendant, plaintiff thereby induced defendant to believe *bona fide* and reasonably that Fakier had a good title to sell the said motor car, and defendant, so induced, did act upon such belief to his prejudice by concluding an agreement with Fakier in terms whereof defendant purchased (and took delivery of) the said motor car from Fakier by way of a 'trade in' of defendant's Valiant motor car and payment of the sum of R700".

Uit hoofde van die voorgaande word estoppel opgewerp teen enige ontkenning deur die eiser van Fakier se reg om die voertuig te verkoop, en ook daarteen dat die eiser op sy eiendomsreg sou steun om die verweerder sy besit van die voertuig te ontneem. In 'n versoek om nadere besonderhede wou die eiser weet, eerstens, of dit beweer word dat hy nalatig was by die verstrekking van bedoelde inligting, en indien wel, in welke opsig; en tweedens, of dit beweer word dat dit deur sy nalatigheid is dat hy by die verweerder die oortuiging gewek het dat Fakier die reg het om die voertuig te verkoop, en indien wel, in welke opsig hy nalatig was; en of dit beweer word dat sy nalatigheid die enigste oorsaak daarvan was dat die verweerder ingevolge bedoelde oortuiging gehandel het.

Die antwoord op al hierdie vrae, behalwe die heel laaste, is die volgende:

**Page 30 of [1970] 2 All SA 28 (A)**
View Parallel Citation

> „Defendant does not make the allegation that plaintiff was negligent. Defendant says that plaintiff knew—when it informed defendant that the vehicle was Fakier's property—that defendant was contemplating purchasing it from Fakier, that he (defendant) was making enquiries from plaintiff as to whether plaintiff still had any interest in the ownership of the vehicle in order to satisfy himself that Fakier had good title to sell it, and that defendant would in all probability act on the information then being given to him by plaintiff; defendant says further that plaintiff, by its own act in giving the said information to defendant, held out to him that it was not the owner of the said vehicle and that Fakier was indeed the owner thereof."

Die antwoord op die heel laaste vraag kom daarop neer dat Fakier wel ook die verweerder meegedeel het dat hy die eienaar is, maar dat hy, toe bewys van hom verlang is, die verweerder na die eiser verwys het, en dat die verweerder, toe hy die voertuig van Fakier gekoop het, staat gemaak het op die inligting wat die eiser aan hom verstrek het.

Die eiser het eksepsie aangeteken teen die alternatiewe pleit soos aangevul deur die nadere besonderhede, op grond daarvan dat by ontstentenis van aangevoerde nalatigheid by die verstrekking van die inligting waarop die verweerder gehandel het, die verweer van estoppel nie die verweerder ten dienste staan nie. Die Hof *a quo* het die eiser hierin gelyk gegee.

Ten aanvang is in hierdie Hof namens die verweerder betoog dat by estoppel 'n verskil getrek moet word tussen nalatigheid wat verband hou met die besef dat die voorstelling wat gemaak word onjuis of moontlik onjuis is, en nalatigheid wat verband hou met die besef dat die persoon aan wie die voorstelling gemaak word (wat ek„die ander" sal noem) moontlik in vertroue op die voorstelling sou handel. In die eerste geval sou die redelike voorsienbaarheid van die moontlikheid dat die ander op die voorstelling sal handel, bygevoeg moet word, en in albei gevalle ook die redelike voorsienbaarheid van nadeel vir die ander. In die eerste geval sou nalatigheid wel aanwesig kan wees, maar dit is my nie duidelik hoe die tweede geval, by ontstentenis van 'n besef van onjuistheid of moontlike onjuistheid van die voorstelling, wat by 'n redelike persoon aanwesig sou wees, as nalatigheid teenoor die ander aangemerk sou kan word nie. Indien die persoon wat die voorstelling doen, eerlik en sonder nalatigheid meen dat die voorstelling waar is, is dit moeilik in te sien welke verwyt hom sonder meer en bloot op grond van die voorstelling kan tref, al sou hy besef dat die ander moontlik in vertroue daarop sou handel. Vir huidige doeleindes sal ek aanvaar dat 'n voorsienbare nadeel onder sulke omstandighede denkbaar is; maar in die onderhawige geval, altans, sou 'n moontlike nadeel wat die ander kan tref, nouliks onder sulke omstandighede redelikerwyse te voorsien wees, en dit sou nie gesê kan word dat 'n redelike persoon stappe sou gedoen het om die intrede van so 'n nadeel te verhinder nie. Dit wil my daarom voorkom dat die etiket van nalatigheid misleidend sou wees by die beweerde tweede vorm daarvan.

Vermoedelik met die oog op die pleitstukke, is namens die verweerder in hierdie Hof nie op eersgenoemde vorm van nalatigheid gesteun nie, maar wel op laasgenoemde. Afgesien daarvan dat laasgenoemde nie hier onder die begrip nalatigheid tuis te bring is nie, word, soos ek die alternatiewe pleit met die nadere besonderhede verstaan, 'n bewering van nalatigheid, blykens die verweerder se antwoord op die vrae wat die eiser onder bogenoemde twee hoofde aan hom gestel het, in albei hier-

**Page 31 of [1970] 2 All SA 28 (A)**
View Parallel Citation

die vorms uitdruklik ontken. Die eintlike vraag is dus of die verweer van estoppel by hierdie eiendomsvordering kan slaag sonder dat nalatigheid van enige aard die eiser ten laste gelê word. Die tersaaklike bewerings is dan dat die eiser, wetende dat die verweerder die voertuig van Fakier wou koop en wou uitvind of die eiser nog enige belang by die voertuig het en of Fakier die reg het om dit te verkoop, en wetende dat verweerder na alle waarskynlikheid op die gevraagde inligting sou handel, die verweerder meegedeel het dat Fakier niks aan hom op die geruilde voertuig verskuldig is nie en dat dit sy eiendom is, dat hy die verweerder daardeur laat glo het dat Fakier die reg het om die voertuig te verkoop, en dat die verweerder bygevolg tot sy nadeel op bedoelde inligting gehandel het. Wat oorweeg moet word, is of hierdie bewerings, sonder enige byhaling van nalatigheid, voldoende is vir die aangevoerde estoppel.

Die strekking van die betoog namens verweerder is dat sulke bewerings volgens Engelse reg wel voldoende sou wees, en dat die formulering van die desbetreffende grondliggende beginsels ook vir ons reg deur ons Howe onderskryf is. Wat die Engelse reg betref is verwys na Halsbury, *Laws of England*, band 15, para. 430, bl. 228. Hy stel die vereistes wat dan na bewering ook hier ter sake sou wees, soos volg:

> „It is not necessary that the representation should be false to the knowledge of the party making it, though in early cases this appears to have been the law, provided that (1) it is intended to be acted upon in the manner in which it was acted upon, or (2) the person who makes it so conducts himself that a reasonable man would take the representation to be true, and believe that it was meant that he should act upon it in that manner."

Hy voeg egter by—

> „and it has been added that the doctrine of estoppel by representation ought not in most cases to be applied unless the representation is such as to amount to the contract or licence of the party making it".

Spencer Bower, *Estoppel by Representation* (2de uitg., soos hersien deur *Turner*), para. 3 op bl. 4, verwys in sy basiese omskrywing van

> „estoppel by representation" na„the intention (actual or presumptive) . . . of inducing the representee on the faith of such representation to alter his position to his detriment".

Verder sê hy (para. 99 op bl. 89 en 90):

> „There must have been an intention, actual or presumed, on the part of the representor to induce the particular representee, or a class to which he belongs, to act upon the representation . . . the intention need not necessarily be established directly: it may—indeed it generally must—be presumed or inferred from other facts; and, particularly, from voluntary use of language, or conduct, on the part of the representor which was of a nature to induce a normal person in the circumstances of the particular case to act as the representee did, and which was calculated in this sense to have that effect, though not in the sense of a personal design. In such cases, it is not in the least necessary to show that the representor actually set before himself as an object the influencing of the representee in the alleged, or in any particular, manner; still less that he proposed to mislead or deceive him."

Blykbaar moet daar volgens *Bower* 'n subjektiewe element aanwesig wees, maar wat hierdie passasie, gelees met die basiese omskrywing, omtrent verwytbaarheid of nie-verwytbaarheid wil sê, indien enigiets, is my nie duidelik nie. Die opset, volgens ons reg, om 'n ander te oorreed om sy posisie tot sy nadeel te verander, veronderstel 'n bewustheid van die nadelige of moontlik nadelige gevolg; maar as bewys van woorde of gedrag wat uiteraard bereken is om 'n normale persoon om te haal om tot sy nadeel te handel, voldoende is, dan hoef daar nie noodwendig so 'n bewustheid by die spreker of dader aanwesig te

**Page 32 of [1970] 2 All SA 28 (A)**
View Parallel Citation

wees nie, in welke geval ons nie te doen sou hê met opset soos dit in ons reg verstaan word nie. Dan sou daar eerder sprake kon wees van *culpa* ten aansien van die skadelike gevolg, en hoe dit aanwesig sou wees waar die redelike persoon geen moontlike misleiding van die ander sou voorsien nie, lê nie voor die hand nie. In para. 75 op bl. 69 trek *Spencer-Bower* te velde teen die gebruik in die Engelse reg van die uitdrukking„estoppel by negligence", maar dit val nie te ontken nie dat in sommige gevalle nalatigheid wel volgens Engelse reg 'n vereiste vir estoppel is. (*Halsbury*, *o.c.*, para. 451-454; *Mercantile Bank of India, Ltd.* v. *Central Bank of India, Ltd.*, 1938 A.C. 287; *Mercantile Credit Co. Ltd.* v. *Hamblin*, (1965) 2 Q.B. 242). In para. 71 op bl. 64 bring die skrywer self„representation by silence" in verband met 'n plig om inligting te verstrek. Verontagsaming van so 'n plig sou al dadelik dui op moontlike nalatigheid. In dié

verband sê hy verder:

> „Where the enquiry, though the party making it has no right to expect an answer, does in fact elicit one, it is not quite certain whether the reply has the same capacity of raising an estoppel as if it had been voluntary and unsolicited . . . the effect, as estoppel, of an answer unnecessarily given by a party who is under no obligation to give it, has not been the subject of direct judicial decision. It might be argued with much reason that in such a case the representee cannot claim to have been induced to act on the faith of the representation, or at all events that the representor cannot be supposed to have had the intention of inducing the representee to alter his position by a statement which the latter had no business to elicit or extort."

Ek kom later op hierdie passasie terug.

Soos aangedui in *Trust Bank van Afrika Bpk.* v. *Eksteen*, 1964 (3) S.A. 402 (A.A.) op bl. 410, kan, ten spyte van die strekking van gewysdes daar genoem, nie staande gehou word dat die Engelse reg van estoppel met huid en haar in ons reg geldigheid verkry het nie. Dat gedeeltes daarvan, as ooreenstemmend met ons reg of ten minste nie strydig daarmee nie, toepassing gevind het, val nie te ontken nie. Wat die hier tersaaklike formulering betref, is onder meer verwys na *Rossouw en Steenkamp* v. *Dawson*, 1920 A.D. 173 op bl. 181; *Baumann* v. *Thomas*, 1920 A.D. 428 op bl. 435, en *Union Government* v. *Vianini Ferro-Concrete Pipes* (*Pty.*) *Ltd.*, 1941 A.D. 43 op bl. 49. In eersgenoemde, wat gegaan het oor 'n bepaling van regte ten opsigte van kleims wat na bewering verkeerdelik deur 'n balju verkoop is, word 'n formulering van die vereistes van estoppel deur *Halsbury* in 'n vroeëre uitgawe (band 13, 323) met skynbare goedkeuring aangehaal, maar slegs *obiter,* want die Hof bevind dat dit onnodig is om op die pleit van estoppel in te gaan. In *Baumann* v. *Thomas*, t.a.p., waar estoppel in kontraktuele verband ter sprake was, word verwys na opmerkings in sekere Engelse vonnisse. Dit blyk egter nie dat die strekking van daardie opmerkings, in hul geheel, as geldig vir ons reg aanvaar is nie. Die verwysings daarna word afgesluit met die volgende:

> „Now, without attempting to lay down the exact limits of the doctrine, it is sufficient for our present purposes to say that anyone who sets up a case of estoppel against another must, at any rate, prove not only that the latter has led him to believe in the existence of a certain state of facts, but also that he has induced him to act on that belief so as to alter his own previous position to his detriment."

Dit heet nie 'n volledige formulering te wees nie, en wat die laasgestelde vereiste betref, blyk dit nie uit die uitspraak nie dat dit voldoende is dat die estoppel-ontkenner die ander deur woord of daad onopsetlik en sonder skuld van enige aard beweeg het om sy posisie nadelig te ver-

**Page 33 of [1970] 2 All SA 28 (A)**
**View Parallel Citation**

ander. Daarop word nie ingegaan nie. Die Hof bevind nl. dat geen nadeel bewys is nie.

In die laaste van bogenoemde drie sake, waarin estoppel insgelyks in kontraktuele verband oorweeg is, word die volgende formulering van die algemene beginsel van estoppel deur *Spencer-Bower* in die eerste uitgawe van sy boek, aangehaal:

> „Where one person (the representor) has made a representation to another person (the representee) in words, or by acts and conduct, or (being under a duty to the representee to speak or act) by silence or inaction, with the intention (actual or presumptive), and with the result, of inducing the representee on the faith of such representation to alter his position to his detriment, the representor, in any litigation which may afterwards take place between him and the representee, is estopped, as against the representee, from making or attempting to establish by evidence, any averment substantially at variance with his former representation, if the representee at the proper time and in the proper manner objects thereto."

Hierop volg die opmerking dat die leerstuk van estoppel aanvaar is as deel van ons reg, en dat dit duidelik is dat daar een of ander voorstelling aan die kant van die estoppel-ontkenner moet wees, in vertroue waarop die ander tot sy nadeel gehandel het. Die Hof bevind dat die pleit geen bewering van 'n werklike voorstelling bevat nie, en gaan ook in hierdie saak nie in op die aard van die opsetlikheid of op enige ander vorm van skuld nie. Die aangehaalde formulering word herhaal in para. 3 op bl. 4 van die hersiene uitgawe van *Spencer-Bower* se boek, waarna ek reeds hierbo verwys het.

Ek kan byvoeg dat daar in *Service Motor Supplies* (*1956*) (*Pty.*) *Ltd.* v. *Hyper Investments* (*Pty.*) *Ltd.*, 1961 (4) S.A. 842 (A.A.), waarin estoppel teen die ontkenning van 'n huurkontrak opgewerp is, geen verwysings na Engelsregtelike gesag voorkom nie, en ook geen algemene formulering van die vereistes vir estoppel nie.

Uit bogenoemde uitsprake van hierdie Hof kan ek nie aflei dat enige formulering van die grondliggende

beginsels van estoppel, aan die Engelse reg ontleen, vir sover altans daarin geen of geen duidelike skuldvereiste gestel word nie, eenvormige algemene geldigheid ten opsigte van alle afdelings en aspekte van ons reg toegesê is nie. Uit die Engelse reg is in elk geval nie 'n enkele algemeen geldige formulering van skuldlose estoppel te haal nie. Ten spyte van veranderings wat in die Engelse reg ingetree het, is 'n skuldvereiste, soos reeds aangedui, minstens nie op alle gebiede en vir elke *casus positio* oorboord gegooi nie. So 'n algemene formulering sou ook in ons reg moeilik te versoen wees met die uitsprake in *Union Government* v. *National Bank of S.A. Ltd.*, 1921 A.D. 121, waarin, hoewel bevind is dat nalatigheid nie bewys is nie, estoppel deur nalatigheid erken is as 'n geldige verweer by 'n *condictio indebiti.* So ook is die vereiste wat in *Strachan* v. *Blackbeard and Son*, 1910 A.D. 282 op bl. 288, en in *Monzali* v. *Smith*, 1929 A.D. 382 op bl. 385, vir 'n estoppel by lasgewing in die omstandighede van daardie sake gestel is, kwalik van nalatigheid te onderskei. (Vgl. *Sutter* v. *Scheepers*, 1932 A.D. 165 op bl. 171; *De Wet„,Estoppel by Representation" in die Suid-Afrikaanse Reg*, bl. 43). In *Grosvenor Motors* (*Potchefstroom*) *Ltd.* v. *Douglas*, 1956 (3) S.A. 420 (A.A.) op bl. 427, is *culpa* as vereiste gestel vir 'n estoppel by *rei vindicatio.* Dit kan nie gesê word dat estoppel, volgens die uitsprake van hierdie Hof of dié van ander Afdelings waarna die advokate verwys het, of selfs volgens die Engelse reg, 'n eenvormige patroon het wat in alle gevalle toepaslik is

**Page 34 of [1970] 2 All SA 28 (A)**
**View Parallel Citation**

nie, of dat daar so 'n patroon behoort te wees nie. Verskille word wel getrek, en nie sonder rede nie. Daar is ruimte vir differensiasie ooreenkomstig die beginsels en billikheidsvereistes wat gevalle beheers wat verskillend van aard is. Daar sou dus niks ongerymds in wees nie om by 'n eiendomsvordering 'n skuldvereiste te stel, al sou dit nie as algemene vereiste by estoppel kan geld nie. Vir sover aan 'n vorm van skuldlose estoppel algemeen of gesaghebbend in ons regspraak erkenning verleen is, het dit nie op eiendomsvorderings betrekking gehad nie.

By wyse van oorredende vergelyking is namens die verweerder ook verwys na die Amerikaanse reg. Onder die hoof„Equitable Estoppel as a Defence", staan daar in die Amerikaanse„*Restatement of the Law*, *Torts*", para. 894 op bl. 502, die volgende:

> „A person who makes to another a definite misrepresentation of fact upon which he has reason to believe that the other will rely and upon which the other reasonably relies and thereby causes the other to do an act which, if the representation were true, would not constitute a tort, is not entitled to
>
> (*a*) maintain an action of tort against the other for such act, or
>
> (*b*) regain property or its value which the other acquired by such act, if the other so changed his position in reliance upon the representation before discovery of the truth that it would be unjust to deprive him of that which he thus acquired."

Ter verduideliking word onder meer bygevoeg dat die reël van toe-passing is al glo die persoon wat die voorstelling doen aan die waarheid daarvan, dat dit onverskillig is of hy al dan nie behoorlike sorg beoefen het en dat nalatigheid nie 'n vereiste is nie. Williston, *On Contracts*, band 3, para. 692, bl. 1996, maak melding van die vroeëre vereiste dat die voorstelling„wilfully" gedoen moet wees, en sê dan:

> „At the present time"—d.w.s. in 1937—„while in many jurisdictions there are expressions still used which seem to mean that either fraud or culpable negligence is an essential element of estoppel, it is certain that the great weight of recent authority supports the view that positive statements of fact as to matters upon which the speaker may fairly be supposed to be informed may give rise to an estoppel, though there is neither of these elements."

In band 5, para. 1508, bl. 4205, stel hy dit enigsins breër:

> „This doctrine, as now understood, precludes one who has made positive statements of fact to another, in reliance upon which the latter has acted, from denying their truth in any controversy between these two parties. While some authorities consider *scienter* or negligence necessary where this doctrine is invoked, the better view recognises that it is immaterial whether the misstatement was either wilful or negligent."

Volgens aanhalings uit gewysdes in 'n voetnoot by para. 692, skyn die motivering van die meer resente benadering daarop neer te kom dat wat wetens 'n ander se optrede beïnvloed deur wat hy sê, sonder meer aan sy woorde gebonde behoort te wees. Hierdie oorweging word tot sy logiese konsekwensies gevoer. Die enkele feit dat so 'n persoon 'n ander beweeg om op wat hy sê te handel, tot sy nadeel as die waarheid van wat gesê is, ontken word, word as afdoende beskou. Al het so 'n persoon, onwetens en sonder nalatigheid gedwaal, word hy belet om die juistheid van wat hy gesê het te ontken, as dit bedoel was om 'n ander te beïnvloed om daarop te handel, en ook daardie gevolg gehad het. Na dit wil voorkom

het daar egter, ten tyde van hierdie geskrifte altans, nog geen algemene eenstemmigheid ingetree nie. Genoemde oorweging is skynbaar nie deur alle Howe ewe oortuigend gevind nie. Dit is ook opvallend dat die beperking deur *Williston* in para. 692 genoem, nl. dat die tersaaklike verklaring betrekking moet hê op aangeleenthede waarvan die spreker redelikerwys kennis sou dra—'n beperking wat

**Page 35 of [1970] 2 All SA 28 (A)**
**View Parallel Citation**

basies tog eintlik nie buite alle verband met nalatigheid sou staan nie —nie in die *Restatement* met betrekking tot terugvordering van goed genoem word nie, en dat die klem daar eerder daarop val dat die estoppel-opwerper sy posisie op so 'n wyse verander het dat dit onregverdig sou wees om hom die goed te ontneem.

Dit kan gesê word dat bedoelde meer resente Amerikaanse benadering die beginsel weergee dat die skyn ten laste kom van hom wat dit verwek. Namens die verweerder is daarop gewys dat dit 'n beginsel is wat hom ook in die Nederlandse en die Duitse reg voordoen. In sy bespreking van die wilsteorie, die verklaringsteorie en die vertrouensteorie by kontraksluiting, verduidelik Asser, *Nederlands Burgerlijk Recht*, 3de deel (2), bl. 87, dat as wilsverklaring nie alleen geld die werklike verklaring van die werklike wil nie, maar ook die toerekenbare skyn daarvan, of anders gestel, ook die by die wederparty op toerekenbare wyse opgewekte vertroue dat die wil op die sluit van die ooreenkoms gerig is. In verband met 'n verminkte telegram waarmee 'n wilsverklaring oorgedra word, merk hy egter op (bl. 94) dat 'n ander oorweging geld as by 'n vergissing. 'n Vergissing kan aan skuld gewyt word en gebondenheid met die skuldbeginsel verklaar word. Hier word, sê hy, wel ook die uitdrukking *culpa in contrahendo* gebruik. By so 'n telegram sou dit egter nie van pas wees nie, want die skuld lê by die telegrafis en nie by die afsender nie. Daarom moet 'n ander beginsel toegepas word, en wel gevaarsetting of die risiko-beginsel. Die afsender neem nl. die risiko op hom dat sy boodskap onjuis oorgebring word. In die Duitse reg is aanduidings van 'n soortgelyke benadering te vind. So verklaar Ennecerus-Nipperdy, *Algemeiner Teil des Bürgerlichen Rechts 2*, para. 166, 2, na aanleiding van die bepalings van art. 119 van die Bürgerliches Gesetzbuch, dat sekerheid van die regsverkeer vereis dat nie op elke dwaling by afgifte van 'n wilsverklaring ag geslaan kan word nie. 'n Wilsuiting wat op 'n privaatregsgevolg gerig is, moet in beginsel aan die verklaarder toegereken word. In ons reg is so 'n benadering ook nie iets vreemds nie. In ons kontraktereg bv. kan 'n onskuldige wanvoorstelling of 'n onskuldig opgewekte vertroue regsgevolge hê. In die vry algemene toekenning van regsgevolge aan die opgewekte vertoue in die kontraktereg, kan ek egter geen dwingende aanleiding sien om 'n skuldlose voorstelling by 'n *rei vindicatio* in beginsel as afdoende verweer te laat geld nie. In die Nederlandse en Duitse reg mag die erkenning van so 'n verweer meer aanneemlik wees. Wat eersgenoemde betref, bepaal art. 2014 van die Burgerlijk Wetboek, onderworpe aan sekere beperkings, dat met betrekking tot roerende goed, besit as volkome titel geld. 'n Eienaar wat 'n ander in besit van sy goed gestel het, kan dit bygevolg in elk geval nie terugeis van iemand wat dit van die besitter verkry het nie. Hy wat iets verloor het of aan wie iets ontvreemd is, kan dit egter wel binne drie jaar terugvorder, met verpligting tot teruggawe van die koopprys, as die ander party dit op 'n jaarof ander mark of op 'n openbare veiling gekoop het. Volgens *Asser, o.c.*, 2de deel, para. 8, bl. 245, is die spreuk„besit geld as volkome titel" uit die Franse reg afkomstig en is dit die uitdrukking van 'n Germaansregte-like beginsel wat as 'n vreemde element te beskou is in die Nederlandse reg, waarvolgens die stelsel van eiendomsverkryging in die algemeen op die Romeinse reg gebaseer is. Ek sou wil veronderstel dat sonder hierdie

**Page 36 of [1970] 2 All SA 28 (A)**
**View Parallel Citation**

vreemde element, die erkenning van 'n eweknie van skuldlose estoppel by 'n eiendomsvordering minder paslik sou gewees het. 'n Dergelike oorweging skyn ook vir die Duitse reg te geld. Volgens arts. 932-935 van die Bürgerliches Gesetzbuch, word die verkryger van goed, onderworpe aan sekere beperkings, eienaar daarvan, ook as dit nie aan die vervreemder behoort nie, mits die verkryger te goeier trou is. Hy is nie te goeier trou nie as hy weet, of as gevolg van growwe nalatigheid nie weet nie, dat die vervreemder nie eienaar is nie. Onder meer word ook hier 'n uitsondering gemaak vir goed wat gesteel of verloor is of anders sonder die eienaar se wil uit sy besit geraak het. Volgens Wolff en Raiser, *Lehrbuch des Bürgerlichen Rechts*, 3de deel, para. 68, bl. 247 en 248, is die beginsel wat hierdie reëling ten grondslag lê, terug te voer na die Duitsregtelike beginsel—wat vir geruime tyd deur die resepsie van Romeinse reg ingeperk was—dat jy jou vertroue daar moet soek waar jy dit gelaat het. Die gevolg is dat die onaanvegbare besit van die verkryger eiendom word. Dit sou dan sekerheid en maklikheid van

sakeverkeer meebring. Wie goed koop, moet onthef word van tydrowende en moeisame ondersoek na die herkoms van die goed. Terwille van sekerheid van regsverkeer moet afgegaan word op die skyn wat besit vergesel. Op bl. 253 wys die skrywers egter daarop dat die regspraak meer en meer daartoe neig om strenger eise vir goeie trou te stel, veral by die verkryging van goed wat gewoonlik op afbetaling met voorbehoud van eiendom verkoop word. Wie sulke goed sonder die noukeurigste ondersoek verkry, is grof nalatig. Wat betref die uitsondering ten aansien van goed wat die eienaar kwytgeraak het sonder dat hy dit wil, moet die regsgrond gevind word in sy geringere verantwoordelikheid vir onvrywillige besitsverlies. Dit wil voorkom asof hierin ʼn suggestie van verwytbaarheid kan skuil.

Wesenlik ooreenstemmende hoewel meer beperkte voorsiening is in die Engelse reg te vind in art. 2 van die Factors Act, 1889, ten aansien van goed wat met toestemming van die eienaar in besit van ʼn „mercantile agent" is. Daarnaas egter bepaal art. 21 (1) van die Sale of Goods Act, 1893:

> „Subject to the provisions of this Act, where goods are sold by a person who is not the owner thereof, and who does not sell them under the authority or with the consent of the owner, the buyer acquires no better title to the goods than the seller had, unless the owner of the goods is by his conduct precluded from denying the seller's authority to sell."

In sy 2de uitgawe op bl. 232, wys *Spencer-Bower* daarop dat die gedrag wat nodig is vir hierdie uitsondering op die algemene reël *nemo dat quod non habet*, volgens *Heap* v. *Motorists' Advisory Agency Ltd.*, (1923) 1 K.B. 577 op bl. 587, meer behels as blote sorgeloosheid van die eienaar by die behartiging van sy sake. Dit moet neerkom op ʼn verontagsaming van sy verpligtings teenoor die opwerper van die verweer. Vir sover dit van toepassing mag wees, sou dit skuldlose eiendomsverlies uitsluit.

Wat hierbo gesê is omtrent ander regstelsels, staan onder korreksie van nadere ondersoek en beter kennis. Soos opgemerk in *Trust Bank van Afrika Bpk.* v. *Eksteen*, *supra* op bl. 413, kan iemand wat nie van naderby met ʼn regstelsel vertroud is nie, die beginsels daarvan maklik verkeerd verstaan. As ek dit egter wel het, sou daar, in die Nederlandse en Duitse reg, binne ʼn begrensde bestek, aanknopingspunte te vind kan

**Page 37 of [1970] 2 All SA 28 (A)**
**View Parallel Citation**

wees vir eiendomsverlies deur wat as ʼn skuldlose estoppel beskryf sou kan word. Sover ek kan oordeel, word in die Amerikaanse reg eiendomsverlies deur so ʼn estoppel nie algemeen of in alle gevalle aanvaar nie, en ook nie in die Engelse reg nie. Wat wel uit die ander regstelsels blyk, is die erkenning ten regte of ten onregte, van ʼn behoefte van die sakeverkeer om, binne perke, die skuldlose verkryger liewer dan die skuldlose eienaar te beskerm. Verder is dit, sou ek meen, nie sonder beduidenis nie dat hierdie beskerming in Engeland, Nederland en Duitsland, ten dele altans, sy beslag in wetgewing gekry het. By ons bestaan daar geen dergelike wetgewing wat in die onderhawige geval ter sake sou wees nie. Daarbenewens kom in die Nederlandse en Duitse reg beginsels betreffende eiendomsverkryging te pas wat nie deel van ons reg uitmaak nie. Die beginsel dat roerende goed geen gevolg het nie—wat ook daarop sou uitloop dat besit as volkome titel geld—het wel in ons gemene reg ʼn inslag gehad, maar behalwe vir sekere uitsonderings waarin die reste daarvan nog te bespeur mag wees, is dit verdring deur die Romeinsregtelike gedagte: *ubi rem meam invenio*, *ibi vindico.* (Vgl. Kotze, *van Leeuwen's Roman Dutch Law*, deel 2, bl. 621 *et seq.;* van der Keessel, *Praelectiones op de Groot*, 2.3.5 en 6). Ten aansien van die uitsonderings het die eise van die handelsverkeer wel hul invloed laat geld. Soos opgemerk in die *Grosvenor Motors-saak, supra* op bl. 427, is die uitsonderings streng uit te lê. Daaruit sou volg, meen ek, dat ʼn uitbreiding van uitsonderingsgevalle nie geredelik aan te neem is nie.

In genoemde gewysde het dit gegaan om ʼn eiendomsvordering, en t.a.p. word die gemeenregtelike beginsel wat in die omstandighede van daardie saak estoppel by so ʼn vordering beheers, as volg gestel:

> „That principle appears to be that an owner forfeits his right to vindicate where the person who acquires his property does so because, by the *culpa* of the owner, he has been misled into the belief that the person from whom he acquires it, is entitled to dispose of it."

Benewens die gesag wat vir hierdie stelling aangevoer is, kan ook verwys word na van Zutphen, *Practycke der Nederlandsche Rechten, s.*v. pandt, para. 18 en 22. In para. 18 word gesê dat ʼn skuldeiser aan wie die skuldenaar ʼn ander se goed in pand gegee het, verplig is tot restitusie. In para. 22 word twee uitsonderings genoem:

> „Een ander mans goet kan in pandt ghegeven worden, indien den eygenaar van dien consenteert, of oock indien den eygenaar 't selve weet ende dissimuleert in fraude van den crediteur die niet en weet dat het pandt een ander toe behoort."

Van Bynkershoek, *Observationes Tumultuariae*, deel 3, n. 2225, handel oor 'n terugvordering deur die eienaar van staatsobligasies wat deur 'n ander, aan wie hy dit oorhandig het, aan die verweerder verkoop is. Die eise word afgewys, en wel omdat die eienaar, in die omstandighede van die geval, self skuld daaraan het dat die ander die obligasies misbruik het, en daar veeleer rede is dat die eienaar die skade uit eie skuld dra liewer dan die verweerder wat geen skuld daaraan het nie en deur die growwe nalatigheid van die eienaar bedrieg is. (Vgl. ook n. 2861, waarin na hierdie uitspraak verwys word; en deel 1, n. 299).

In die hierbo aangehaalde passasie uit die *Grosvenor Motors*-saak, *supra*, word die beginsel algemeen gestel. Namens die verweerder is egter betoog dat die inslag van bedoelde beginsel beperk moet word deur die *casus positio* waaroor dit daar gegaan het, en dat daardie saak uit hoofde van 'n verskil in feite van die huidige te onderskei is. Dit sou

**Page 38 of [1970] 2 All SA 28 (A)**
**View Parallel Citation**

nl. 'n geval gewees het van 'n indirekte voorstelling, van sg. „assisted misrepresentation", terwyl ons hier met 'n direkte voorstelling te doen het, waarby dieselfde beginsel nie van toepassing sou wees nie. Die aangevoerde verskil is my egter in die onderhawige samehang nie duidelik nie. Dit hou verband met wat *Spencer-Bower*, o.c., bl. 72, die„facilitation theory" noem, en wat volgens genoemde skrywer in die Engelse reg ontstaan het uit die stelling dat waar een of meer onskuldige persone skade moet ly deur die dade van 'n derde, hy wat die derde persoon in staat gestel het om die skade te veroorsaak, die verlies moet dra. As ek die skrywer reg verstaan, dan lê die verskil tussen, aan die een kant, 'n voorstelling wat regstreeks aan die estoppel-opwerper met 'n vir hom nadelige gevolg gedoen is en wat nie oorsaaklik aansluit by of verbind is met 'n derde se wanvoorstelling nie, en aan die ander kant. 'n voorstelling wat 'n derde help of dit vir hom moontlik maak of vergemaklik om die nadelige gevolg deur sy wanvoorstelling te laat intree.

In die *Grosvenor* Motors-geval het die eiser op versoek aan die koper van sy motorvoertuig, ene Kriel, 'n geskrif oorhandig waarin hy, met aangifte van die besonderhede wat nodig is om die voertuig uit te ken, verklaar dat hy dit aan Kriel verkoop het. Die eiser het nl. sy motorlisensie verlê en Kriel het van hom, ter beskerming in geval van navrae, 'n geskrif verlang wat sou aantoon waarom hy in die voertuig is. Die verkoop was teen kontant. Kriel het aan die eiser 'n waardelose tjek gegee en die voertuig aan die verweerder verkoop. In die loop van die wanvoorstellings wat hy aan die verweerder gedoen het, het hy hom ook gemelde geskrif getoon. Die geskrif was nie aan die verweerder in eie persoon gerig nie, maar was klaarblyklik bedoel vir wie ook al Kriel se reg ten aansien van die voertuig mog betwyfel. Uit daardie kategorie persone kon 'n moontlike tweede koper nie uitgesluit word nie. Dit kan dus nie gesê word dat die geskrif nie ook aan die verweerder gerig was nie. By vertoning was dit 'n direkte voorstelling aan hom, en dit het Kriel gehelp om hom om die tuin te lei. In die huidige geval het die voorstellings ook van twee kante gekom, in eerste instansie van 'n derde en daarna ook van die eiser, op navraag, aan die verweerder in eie persoon. Volgens die pleitstukke, soos reeds opgemerk, het die verweerder staat gemaak op die inligting deur die eiser verstrek, maar dit blyk nie dat die wanvoorstelling deur die derde geen uitwerking op hom gehad het nie. Dit kan wees dat die hulp wat die eiser onwetend aan die derde verleen het om die verweerder te bedrieg, uiteraard meer doeltreffend was as in die *Grosvernor* Motors-geval, maar dit maak nog nie daarvan 'n direkte voorstelling in teenstelling met 'n indirekte in bogenoemde sin nie. Die enigste werklike verskil skyn te wees dat in die een geval die voorstelling nie direk alleen aan die verweerder in eie persoon gedoen is nie, en in die ander wel. Dit wil my daarom voorkom dat dit nie 'n wesenlike verskil is nie, en dat die twee gevalle nie in beginsel van mekaar te onderskei is nie.

In ons gemene reg kan ek ook geen gesag vir 'n verskil in regsgevolge by so 'n verskil vind nie. Matthaeus, *Paroemia*, 7.17, maak inteendeel die stelling dat in die algemeen gesê moet word dat 'n eienaar net so dikwels sy goed van 'n derde kan opeis, as wat hom geen versuim of agterlosigheid ten laste gelê kan word nie of as wat nie strydig met die belange van die koophandel sou wees nie. Dit beteken dat hy dit altyd

**Page 39 of [1970] 2 All SA 28 (A)**
**View Parallel Citation**

kan doen, behalwe in die twee gevalle. Dit maak ook geen saak nie, sê die skrywer, of die derde te goeier of te kwader trou gekoop het. Die koper kan in elk geval teruggawe van die goed nie ontgaan nie, en kan

ook nie van die eienaar die betaalde koopprys eis nie, dan alleen in bepaalde uitsonderingsgevalle. Die uitsonderingsgevalle wat genoem word, soos koop op 'n publieke mark, is nie hier ter sake nie. Die stelling word gemaak in die samehang van uitsonderings op die sinspreuk„meubelen en hebben geen gevolg", en nadat meer bepaald verwys is, naas gesteelde en geroofde goed, ook na goed wat verkoop is„in weerwil of by onweetenheid" van die eienaar. Na my oordeel is daar egter geen regverdigbare verskil te trek nie tussen sulke goed en goed wat die eienaar in sy onwetendheid van die ware feite ontfutsel is. Ek sou dit nie met willige vervreemding wil gelykstel nie. In die algemene stelling kan ek ook nie so 'n bedoeling vind nie. (Vgl. dieselfde skrywer, *De Auctionibus*, 1.11.30).

Wat die belange van die handelsverkeer betref, dié moet opgeweeg word teen die beskerming wat ons reg aan die eienaar verleen. Soos reeds opgemerk, is inbreuk op daardie beskerming in ons reg nie ligtelik te aanvaar nie. In dié verband is dit van belang om daarop te let dat selfs in die uitsonderingsgeval van verkope op 'n publieke mark, waarheen verkopers in daardie dae van heinde en ver gekom het, die eienaar nie volgens die destyds geldende reg die *rei vindicatio* sonder meer ontsê is nie. Hy kon sy goed nog opeis teen terugbetaling van die koopprys. Die band tussen hom en sy goed is nie uit hoofde van handelsoorwegings, sonder voorbehoud, eenvoudig deurgehak nie. Volgens Lee, *Introduction*, appendix E, bl. 428, is in hierdie verband in 'n manuskrip van Scheltinga se aantekeninge op *de Groot*, 2.3.6, die volgende te vind:

> „Alwaar onder meer andere staat aan te merken dat niet overal dit recht stant grypt; by gevolge wanneer iemand moet restitutie doen van goed dat hy op een vrye markt heeft gekogd, dan zal men altoos onderzoeken of de plaatselyke wet of costumen sodanige uitsonderingen maken; . . . de reeden daar van is om dat deeze uitsonderinge strekt tot vermindering van het regt van den eigenaar, en die heeft geen grond ten sy die door de wetten of oude costumen is bevolen."

Die manuskrip in die biblioteek van hierdie Hof is nie eendersluidend nie, maar daarin word ook gesê dat die uitsondering in die plaaslike„wet of costuym" gesoek moet word. Word die uitsondering nie gemaak nie, kan die koopprys nie teruggevra word nie

> „om dat dese uytsondering strekt tot vermindering van 't recht den eigenaar toekomende, en is geen grond van verpligting, waarom hy 't geld aan een derde sou moeten restitueeren".

(Vgl. ook Wessels, *History of Roman-Dutch Law*, bl. 507). Of bedoelde reg insake verkope op 'n vrye mark, vandag nog geld, hoef nie hier uitgemaak te word nie. Volgens *Retief* v. *Hamerslach*, (1884) 1 S.A.R. 171 op bl. 178, en *Wcodhead Plant and Co.* v. *Gunn*, 11 S.C. 4, is dit nie van toepassing by 'n gewone veiling nie. (Vgl. ook *Kotze* v. *Prins*, 20 S.C. 156 op bl. 171). In ons hedendaagse verkeer is, om maar een ding te noem, huurkoopkontrakte en diefstal en bedrog wat daarmee verband hou, skering en inslag. Dit skep 'n behoefte aan beskerming, ook aan die kant van eienaars. Soos hierbo aangedui, het die algemeenheid van sulke kontrakte in die Duitse reg aanleiding gegee tot besonder strenge vereistes insake verkryging te goeier trou. Sulke vereistes sou bereken wees om die belange van eienaars te beskerm. Dit is vraaglik, sou ek meen, of dit in die algemene belang van die handels-

**Page 40 of [1970] 2 All SA 28 (A)**
**View Parallel Citation**

verkeer sou wees om in ons reg die beskerming van 'n eienaar in gevalle soos die onderhawige in te kort, deur hom in die posisie te stel van 'n garant van die juistheid van inligting wat hy op navraag verstrek aan iemand wat met 'n derde 'n koop wil sluit. In twyfelagtige gevalle, waar dit juis die nodigste sou wees, sou dit aanleiding kan gee tot aarseling om enige inligting hoegenaamd te verstrek. Dit is dan ook nie betoog nie dat die klaarblyklike behoeftes van die handelsverkeer dit noodsaaklik maak om skuldlose verkrygers liewer dan skuldlose eienaars te hulp te kom. Om dit te doen, sou trouens die gevolg kan hê dat 'n eienaar wat deur 'n derde bedrieg is, en wie se dwaling omtrent sy eie goed juis deur die bedrog teweeggebring is, sy goed aan die verkryger moet afstaan, en dit slegs omdat hy sy eie dwaling aan die verkryger meegedeel het en daardeur, heeltemaal onbewus en sonder skuld, daaraan meegewerk het dat die derde daarin slaag om ook die verkryger deur bedrog onder 'n dwaling te bring. Vir 'n estoppel teen eiendomsreg, met sulke konsekwensies, kan ek nie, uit hoofde van beweerde handelsbelange of op enige ander grond, in ons reg 'n geregverdigde plek vind nie.

In die voorgaande het ek verwys na 'n passasie uit *Spencer-Bower* se boek waarop ek sou terugkom. Volgens wat die skrywer daarin sê, is daar in die Engelse reg geen direkte gesag nie vir die handhawing van 'n estoppel op grond van inligting wat op navraag, sonder enige verpligting daartoe, verstrek is. Namens die verweerder is toegegee dat die eiser onder geen sodanige verpligting teenoor die verweerder gestaan het nie. Die betoog is dat hy kon geswyg het, maar omdat hy dit nie gedoen het nie, moet hy die

gevolge dra. Ek weet van geen rede nie om die Engelse reg in so ’n geval verby te steek op weg na ’n meer uitgebreide erkenning van eiendomsverlies en eiendomsverkryging deur estoppel.

Na my oordeel is die algemene beginsel, soos in die *Grosvenor Motors*saak, *supra*, gestel, ook in die omstandighede van hierdie geval van toepassing, en het die Hof *a quo* tereg die eksepsie gehandhaaf. Daarmee wil ek nie sê dat estoppel by *rei vindicatio* noodwendig en in alle omstandighede slegs op skuld kan berus nie. Waar bv. ’n eienaar, met die skuldlose maar onjuiste versekering dat dit nie sy goed is nie, ’n onwillige koper, ter vermeende bevordering van sy eie sake, opsetlik en doelbewus oorreed om goed uit die hand van ’n derde te koop wat hy anders nie sou gekoop het nie, en ten spyte daarvan later die goed van die koper opeis, sou die geval denkbaar voldoende verband kan hou met die meer uitgebreide toepaslikheid van die *exceptio doli* om ’n estoppel sonder voorafgaande skuld op dwingende billikheidsgronde te regverdig. Daaroor wil ek my egter nie uitspreek nie, want in die pleitstukke word nie so ’n geval gestel nie.

Die appèl word met koste van die hand gewys. Die tydperk van veertien dae in die bevel van die Hof *a quo* genoem, loop vanaf die datum hiervan.

VAN BLERK, A.R., WESSELS, A.R., en JANSEN, A.R., het met bogemelde uitspraak saamgestem.

RUMPFF, A.R.: Dit moet aanvaar word, as ’n voldonge feit, dat die regsfiguur„estoppel” vanuit die Engelse reg in ons reg geresipieer is. Daarmee het in ons reg gekom wat in die Privy Council beskryf is as

**Page 41 of [1970] 2 All SA 28 (A)**
**View Parallel Citation**

> „a simple and wholly untechnical conception, perhaps the most powerful and flexible instrument to be found in any system of court jurisprudence”,

*Spencer Bower*, 2de ed., bl. 20.

Terstond moet egter bygevoeg word dat hierdie regsfiguur, al sou hy voldoen aan so ’n gloeiende beskrywing, nie teenstrydig met, of los van, die grondslae van ons eie reg kan of behoort te funksioneer nie, kyk *Trust Bank van Afrika Bpk.* v. *Eksteen*, 1964 (3) S.A. 402 (A.A.).

Uit die uitsprake van die Hof *a quo* en van die geleerde HOOFREGTER in die onderhawige saak, blyk dit dat wanneer ’n wanvoorstelling deur ’n eienaar gedoen word, die vraag gestel kan word of die eienaar van ’n saak, wanneer hy verklaar dat hy nie eienaar is nie, nalatig was deur so ’n verklaring te doen: nalatig in die sin dat hy hom vooraf moes vergewis het van die ware toedrag van sake. Blykbaar is die benadering dat hoewel die eienaar ’n fout kon gemaak het, daar omstandighede kan wees waarvolgens die dwaling verwytbaar sou wees of nie verwytbaar sou wees nie. Nalatigheid (*culpa*) sou daar dan wees indien die dwaling verwytbaar is en dit word aan die hand gedoen dat dit die plig van die verweerder is om in sy pleit te beweer dat die dwaling ’n nalatige dwaling was. Vir sover my bekend, is hierdie vereiste wat gestel word t.o.v. ’n dwaling deur ’n eienaar in hierdie bepaalde omstandighede nog nie deur ons Howe vantevore oorweeg nie, en ek is nie bewus van enige van ons skrywers wat hieroor handel nie.

Dit kan wel aangevoer word dat by die botsing tussen die *rei vindicatio* en die *adagium„mobilia non habent sequelam*” daar ’n middeweg ontstaan het in die Nederlande as gevolg waarvan ’n eienaar, met sy *rei vindiçatio* alleen gestuit kon word wanneer hy iemand in besit gestel het van sy roerende goed op so ’n manier dat hy by moontlike derde persone die skyn verwek het dat die besitter die eienaar geword het, of bevoeg was om namens die eienaar die goed te vervreem.

Daar is ander gevalle in die Nederlande waarby die *rei vindicatio* aan die eienaar ontneem is. Ten opsigte van gesteelde goed bv., wat op ’n publieke mark verkoop is, het die eienaar die *rei vindicatio* ontbeer. Hy kon alleen sy goed van ’n *bona fide* koper terugeis indien hy sy geld nie van die verkoper terug kan kry nie en die koopprys aan die koper betaal word. *Voet*, VI. 1. VIII (*Gane* se vertaling) sê hieromtrent:

> „That is with the object of assisting commercial transactions, so that buyers may not approach a purchase rather nervously owing to their being bound after coming in good faith by another’s property to undertake the risk of the price, though generally they are not mixed up in any negligence. It was thought to be burdensome to buyers and well nigh impossible for them to search inquisitively into the condition and uprightness of foreigners who attend by way of trade and display property for sale.”

Omtrent losgoed waarvan die besit aan iemand anders toevertrou is, was daar ’n verskil van mening in die Nederlande. *Voet*, VI. 1. XII, stel die posisie soos volg (*Gane* se vertaling):

> „But since nowadays the maxim according to which movables cannot be followed up (*mobilia non habent sequelam*) has been widely adopted in practice, some have thought that vindication of movable property sold by depositaries, borrowers for use, hirers and the like to purchasers who stand in a position of good faith ought to be denied to an owner who lets, lends for use, places on deposit or the like unless the price has been restored or the pledge released. It was provided very much to that effect in the law of Lubeck; in that of Saxony as *Carpzovius* declares; and in that of Antwerp."

Hy meld verder dat die motief hiervoor was die vermindering van gedinge, en ook die eise van die handelsverkeer:

**Page 42 of [1970] 2 All SA 28 (A)**
**View Parallel Citation**

> „which would be thrown into no small confusion through buyers tending to approach their purchases charily if eviction from movable property should be so readily granted to its original owners".

*Voet* gaan verder deur te verklaar dat hierdie opvatting wel op gronde van billikheid berus omdat die eienaar sy eie ligvaardigheid behoort te blameer deur sy goed toe te vertrou aan persone wie se eerlikheid hy nie ondersoek het nie en hy meld met verwysing na *Inst.* 3.14.3, en *Dig*, XIV 1.1. IX, dat 'n persoon nie onkundig behoort te wees nie,

> „of the condition of the person with whom he was contracting".

*Voet* vermeld verder dat daar 'n ander gedagterigting bestaan dat:

> „Since this divorce from Roman law is propped mainly in the favour shown to commercial dealings, others have for that reason rather held that this view should only be passed if it is found to be so expressly provided by statute or is supported by longstanding usage."

Dat die eise van die handelsverkeer, as sodanig, 'n beperkende invloed op die uitoefening van die *rei vindicatio* kan hê, blyk ook uit wat Mattheus in *Paroemia Septima* 17, *tertio*, verklaar:

> „Generaliter dicendum est, quoties neque culpa aliqua domino imputari potest neque commercium utilitas ei repugnat, toties vindicationem rei adversus tertium dandam."

Dat die eise van die moderne handelsverkeer geheel anders kan wees as die van die 16de, 17de en 18de eeue, kan m.i. beswaarlik ontken word en dat deur middel van 'n pleit van estoppel die *rei vindicatio* op grond van die eise van die moderne handelsverkeer beperk sou kan word, skyn my nie uitgesluit te wees nie. In so 'n geval sou estoppel funksioneer op die grondslae van ons eie reg.

In ons reg word dit vandag geag dat 'n eienaar nie 'n skyn verwek waarop 'n koper kan vertrou deur blote besitsoordrag aan iemand anders nie. Daarom behou die eienaar die *rei vindicatio* indien hy bv. 'n saak aan iemand leen en die lener dit sonder magtiging sou verkoop.

Is daar behalwe die inbesitstelling nog 'n handeling van die eienaar wat tesame met die inbesitstelling 'n skyn sou verwek dat die lener wel geregtig is om namens die eienaar te verkoop, en kon 'n redelike persoon voorsien het dat die addisionele handeling 'n skyn kan verwek waardeur 'n redelike voornemende koper beweeg kan word om te koop, sou m.i. 'n beroep op estoppel gedoen kan word. Indien die eienaar by die begaan van die addisionele handeling in 'n dwaling verkeer ten opsigte van die besondere saak wat hy in die besit van iemand anders gestel het, en gedink het dat t.o.v. daardie saak hy wel bevoegdheid aan die besitter gegee het om te verkoop, en nie ten opsigte van die ander saak, sou so 'n dwaling t.o.v. die saak die eienaar m.i. nie help nie, omdat die skyn geskep is deur 'n uitwendige handeling wat die koper beweeg het om te koop. Mits die skyn van so 'n aard is dat redelikerwyse verwag kan word dat 'n voornemende koper deur die skyn beweeg kan word om te koop, sonder om verdere navrae te doen omtrent die eienaarskap van die saak, behoort die koper wat deur so 'n skyn beweeg word, m.i. beskerm te word.

In die onderhawige saak, sou 'n dwaling aan die kant van die eiser omtrent sy eienaarskap die uitwerking van die skyn nie verander nie. Die meerderheidsuitspraak in hierdie saak gaan van die standpunt uit dat die *rei vindicatio* alleen gestuit kan word indien die eienaar nalatig was en daar word beslis dat in die onderhawige geval die eienaar kon gedwaal het. Indien hy *bona fide* gedink het dat hy nie eienaar was nie,

**Page 43 of [1970] 2 All SA 28 (A)**
**View Parallel Citation**

kon hy nie voorsien het dat hyself later as eienaar die motor van die verweerder sou kon terugeis nie.

Om in 'n geval soos die onderhawige 'n verdere vereiste te stel aan die koper, nl. dat hy moet bewys dat die eienaar nalatig was toe hy sy erkenning gemaak het, is, na my mening, om verder te gaan as wat die bedoeling van die ou skrywers kon gewees het. Dit kom daarop neer dat die voornemende koper eintlik nog verder moes gegaan het, en voldoende bewys van die eienaar moes gevra het dat sy verklaring waar is, of anders met huiwering moes koop nieteenstaande die eienaar gesê het dat hy nie eienaar was nie. So 'n vereiste (of houding) sou m.i. geheel en al indruis teen die eise van die moderne handelsverkeer, ook waarskynlik teen die eise van die handelsverkeer van die vorige eeue.

Juis omdat die huurkoop vandag so 'n belangrike rol speel in ons handelslewe, is dit van groot belang vir 'n voornemende koper van losgoed om te weet of die verkoper eienaar is of nie. Dit geld vandag veral motors, meubels, radio's, koelkaste en dergelike ware. Indien 'n voornemende koper na die werklike eienaar gaan, wat die besit van losgoed aan ander afgestaan het, en hom pertinent vra of hy nog steeds eienaar is of nie, omdat hy, die voornemende koper, beoog om die goed te koop, is daar natuurlik geen verpligting op die eienaar om te antwoord nie. Maar indien die eienaar antwoord dat hy nie eienaar is nie, weet hy dat hy 'n vertroue opwek by die voornemende koper en hy weet dat die voornemende koper meen dat daar geen risiko meer bestaan nie.

Ek is bewus daarvan dat in die *Grosvenor-saak* die meerderheid van hierdie Hof bevind het dat die inhoud van die betrokke dokument geen wanvoorstelling bevat het nie en dat in elk geval die tweede koper beweeg was om te koop deur ander oorwegings as die inhoud van die dokument en dat die meerderheid ook bevind het dat daar geen *culpa* aan die kant van die verkoper was nie omdat hy nie redelikerwyse kon voorsien het dat die aangebode tjek nie betaal sou word nie en dat hy derhalwe nie die benadeling van die tweede koper voorsien het nie.

Dit is nie vir my duidelik nie of die meerderheid van hierdie Hof in daardie saak tot dieselfde konklusie sou gekom het indien die eienaar aan 'n voornemende koper van die eerste koper uitdruklik sou meegedeel het dat die eerste koper eienaar was. In die uitspraak van Hoofregter CENTLIVRES, waarmee drie ander Appèlregters saamgestem het, word nl. o.a. gesê:

> „Similarly in the present case, as the plaintiff made no representation to the defendant that the car was the property of Kriel, who was neither an agent for sale nor a factor, he is not estopped from asserting that he is still the owner of the car."

Indien hulle wel tot dieselfde konklusie sou gekom het, sou hulle m.i. die soort *culpa* vereis het, wat onder die *Lex Aquilia* vereis word. So 'n algemene vereiste, in verband met moontlike pligte van verkopers of kopers, gesien teen die agtergrond van eise van handelsverkeer is, met respek, nie in ons reg te vinde nie. So 'n vereiste sou m.i. ook nie aansluit by ons geërfde begrip van estoppel nie, wat m.i. hoogstens voorsienbaarheid vereis t.o.v. „inducement". So word in hierdie Hof in *Strachan* v. *Blackbeard & Son*, 1910 A.D. 282 te bl. 288, deur Hoofregter DE VILLIERS gesê:

> „To prove a course of dealing, which would estop the defendant from denying an authority . . . it is not sufficient to show that the plaintiffs have been misled. It is for them to show that the course of dealing was of such a nature that

**Page 44 of [1970] 2 All SA 28 (A)**
**View Parallel Citation**

> it could reasonably have been expected to mislead them and that it did in fact mislead them . . ."

Daar word nie van *culpa* in die wye sin gepraat nie en ook nie in 'n later beslissing van hierdie Hof nie, nl. *Monzali* v. *Smith*, 1929 A.D. 382, waarin bogenoemde passaat met goedkeuring aangehaal word.

In elkeen van die genoemde sake, wat nie oor die *rei vindicatio* handel nie, is die vraag behandel of die estoppel-opwerper bewys het dat die estoppel-ontkenner redelikerwyse kon voorsien het dat die estoppel-opwerper met vertroue op die vorige gedragswyse sou handel. De Wet in sy„*Estoppel by Representation in die Suid-Afrikaanse Reg*, bl. 43, beroep hom o.a. op hierdie sake wanneer hy verklaar dat in die Appèlhof„skuld" vereis word vir estoppel. Indien dit skuld is, is dit na my mening nie die„skuld" wat in die *Grosvenor-saak* as vereiste gestel word nie, maar alleen 'n versuim om te voorsien dat die gedragswyse van die estoppel-ontkenner„could reasonably be expected to mislead".

Selfs in die Romeinse Reg, die oorsprong van die *rei vindicatio*, is daardie aksie in 'n bepaalde geval nie toegeken nie aan 'n eienaar wat gedwaal het. *Voet* 14.3.6, verwys na D. 17.1.49, waarin verklaar word

dat 'n eienaar wat op bevel van 'n ander 'n slaaf verkoop, menende dat dit die ander se slaaf is terwyl dit sy eie is, nie die slaaf kan vindiseer nie. 'n Ander geval wat aantoon hoe die eienaar gestuit kan word, is dié van 'n besitter van grond wat daarop bou te goeie trou. Wanneer die eienaar eis, word aan die besitter die *exceptio doli* toegeken indien die eienaar weier om vergoeding te betaal (*Gaius*, 2.76). Die regsmotief hiervoor is die billikheid. (Sien van Oven, *Leerboek van Romeinsch Privaatrecht*, 3de ed., bl. 93).

Wat die Engelse reg betref, skyn dit my dat 'n geval soos die onderhawige binne die grense val van die algemene en bekende omskrywing van estoppel. Ek verwys egter na enkele beslissings wat handel oor eise om vergoeding en waarby die verweerder 'n verweer ontneem kan word weens estoppel. In *Pierson* v. *Altrincham Urban District Council*, (1917) 86 L.J. (K.B.) 969, was die feite soos volg. Die appellant was die seun van sy oorlede vader en 'n lid van 'n firma„Charles Pierson and Son". Die oorledene was eienaar van 'n sekere eiendom in Wellington Road, Altrincham. Die respondent het skriftelik kennis gegee aan„Messrs. the executors of Mr. Pierson, per Messrs. C. Pierson and Son" om sekere werk aan Wellington Road te doen. Die appellant het mondelings verantwoordelikheid vir die werk ontken op grond van 'n ooreenkoms tussen sy vader en 'n sekere Brooks, maar nie op 'n ander grond nie. By die onderhoud tussen hom en 'n verteenwoordiger van respondent, het appellant opgetree asof hy die eksekuteur was aan wie die kennisgewing gestuur is, en hy het die respondent onder die indruk gebring dat hy die eksekuteur was. Later, in verband met 'n ander aangeleentheid, het hy 'n brief geskryf aan die respondent waarin hy homself as„trustee of the will" van sy oorlede vader beskryf het. Die respondent het geglo dat appellant die eksekuteur in die boedel van sy oorlede vader was en het onkoste aangegaan in verband met die genoemde werk en die appellant gedagvaar. Appellant het beweer dat hy nie eksekuteur was nie. Namens appellant is erken dat die eksekuteur van die oorledene op een tyd die eienaar van die eiendom was en ge-

**Page 45 of [1970] 2 All SA 28 (A)**
**View Parallel Citation**

tuienis is afgelê dat appellant nie die eksekuteur was nie. Die Hof *a quo* het beslis dat appellant weens estoppel nie kan ontken dat hy die eksekuteur was nie. By appèl is hierdie bevinding as verkeerd beskou en daar is bevind, o.a. deur Viscount READING, C.J., op bl. 972, dat

> „the case does not state as a fact that the appellant intended by representations, consisting either in word or in conduct, to induce the council to believe that he was the executor"

en verder:

> „It may be inferred as a fact, and in many, perhaps in most cases in which the Court comes to the conclusion that a person has reasonably been induced to believe, as a reasonable man, that a certain state of facts existed, the Court would find that it was intended that he should so believe or at all events that he believed that it was intended that he should act upon such a belief."

In die uitspraak word ook die volgende gesê:

> „I have arrived at that conclusion upon the authority of *Freeman* v. *Cooke*, 18 L.J. Ex. 114, 119; 2 Ex. 654, 663, which is the classical case on the doctrine of estoppel, and which no case has ever overruled. The law was well stated in that case by Baron PARKE when he said, 'By the term "wilfully", however, in that rule, we must understand, if not that the party represents that to be true which he knows to be untrue, at least, that he means his representation to be acted upon, and that it is acted upon accordingly; and if, whatever a man's real intention may be, he so conducts himself that a reasonable man would take the representation to be true, and believe that it was meant that he should act upon it, and did act upon it as true, the party making the representation would be equally precluded from contesting its truth; . . .' I think that that is a correct statement of the law."

In die uitspraak van die ander Regter in die saak word dieselfde standpunt gehuldig en die afleiding skyn geregverdig te wees dat indien respondent redelikerwyse geglo het dat appellant bedoel het dat respondent op sy voorstelling kon ageer, die respondent wel 'n beroep op estoppel kon doen. Dieselfde benadering vind plaas in 'n vroeëre saak, *Low* v. *Bouverie*, (1891) 3 Ch. D. 82. In die tweede edisie van *Spencer-Bower* word op bl. 64 na hierdie saak verwys en op bl. 65 in 'n voetnoot ook na eersgenoemde saak. Ten opsigte van laasgenoemde saak lewer *Spencer Bower* die volgende feite en kommentaar:

> „In a case where a moneylender, without revealing the object of his enquiry, wrote to the trustee of an estate in which a proposed borrower had a life interest, to enquire of what the estate consisted, and to what incumbrances it was subject, and the trustee, to whom the moneylender was a stranger, gave the information requested to the best of his recollection, but, in doing so, *bona fide* omitted to mention a particular incumbrance which for the moment he had forgotten, it was held by the Court of Appeal that there was no principle of law on which the moneylender could be granted relief of any kind against the trustee, who had never been under any

> duty even to the *cestui que trust* himself, much less to a stranger, to give the information asked for, so that the answer honestly given by the defendant certainly could not be held to be an actionable misrepresentation. Of course, if the question is one to which an answer is due, there results an undoubted estoppel, as much as in any other case of estoppel by representation. But the effect, as estoppel, of an answer unnecessarily given by a party who is under no obligation to give it, has not been the subject of direct judicial decision. It might be argued with much reason that in such a case the representee cannot claim to have been induced to act on the faith of the representation, or at all events that the representor cannot be supposed to have had the intention of inducing the representee to alter his position by a statement which the latter had no business to elicit or extort, and that, therefore, no estoppel can be founded on it, any more than (probably) an action of misrepresentation can be."

Die skrywer se argument is gebaseer op oorwegings van„inducement" en nie *culpa* nie, en moet in elk geval benader word in die lig van wat inderdaad in die saak van *Low* v. *Bouverie* beslis is. Op bl. 102 het LINDLEY, L.J., die volgende gesê:

> „Reverting now to the grounds of liability on which this action may be supported, it is obvious that as regards warranty, the plaintiff and the defendant

**Page 46 of [1970] 2 All SA 28 (A)**
**View Parallel Citation**

> were not contracting parties. There was no intention to contract, nor was there any consideration which is essential for the purpose of treating what the defendant said as a promise or a warranty. As regards estoppel, if the defendant had said that there were no incumbrances on Admiral Bouverie's life interest except those mentioned by the defendant in his letters, the case would be clearly one of estoppel; it would be undistinguishable from *Burrowes* v*. Lock;* and the plaintiff would be entitled to relief, not to damages for a misrepresentation, but to an order on the defendant as trustee for the plaintiff to pay to him the Admiral's life interest in the fund in question, subject only to the incumbrances disclosed by the defendant. This is not the relief sought by the plaintiff, nor is it the relief given to him by the Court below, but it is relief to which he would be entitled on the ground of estoppel. But the difficulty of affording the plaintiff relief on this ground arises from the ambiguity of the defendant's letters."

In dieselfde saak het KAY, L.J., op bl. 106 gesê:

> „In the discussion in this case, the question was raised whether Courts of Equity have been in the habit of exercising a more extensive jurisdiction than Courts of Law in cases of innocent misrepresentation.
>
> The plaintiff, being about to deal with an equitable tenant for life under a settlement by lending him money upon the security of his life interest, caused enquiries to be made of the defendant, who is one of the trustees of that settlement, whether the life estate was incumbered. If the defendant had given a positive answer that it was not incumbered, and the intending lender, relying upon that assurance, had proceeded to lend money upon a mortgage of the life interest, and had afterwards taken proceedings against the trustee to realise his security, there seems to be no doubt that the trustee could not defend himself by saying that the life estate had been previously assigned, but that when he made the statement he had forgotten that fact."

BOWEN, L.J., het o.a. hpmself op bl. 105 soos volg uitgedruk:

> „Estoppel is only a rule of evidence; you cannot found an action upon estoppel. Estoppel is only important as being one step in the progress towards relief on the hypothesis that the defendant is estopped from denying the truth of something which he has said. An illustration of a case of that kind of estoppel filling up the gap in the evidence which, when so rilled up, would produce this right to relief, is found in the case of *In re Bahia and San Francisco Railway Company."*

Laasgenoemde saak verskyn in L.R. Q.B. (3) (1867-1868) 584. 'n Maatskappy het in sy aandeelregister die name van sekere persone S en G as aandeelhouers van 5 aandele ingeskryf in die plek van T en aan hulle 'n aandelesertifikaat gegee. Daarna het A deur 'n makelaar vyf aandele gekoop en S en G het hulle aandele aan A oorgedra en A is ingeskryf as houer van die aandele. Later is ontdek dat die oordrag aan S en G weens vervalsing plaasgevind het en die maatskappy is gelas om T se naam as aandeelhouer te herstel. By 'n eis ingestel deur A teen die maatskappy om skadevergoeding weens verlies van die aandele het COCKBURN, C.J., te bl. 594 die volgende beslis:

> „I am of opinion that our judgment must be for the claimants. If the facts are rightly understood, the case falls within the principle of *Pickard* v. *Sears*, and *Freeman* v. *Cooke.* The company are bound to keep a register of share-holders, and have power to issue certificates certifying that each individual share-holder named therein is a registered shareholder of the particular shares specified. This power of granting certificates is to give the shareholders the opportunity of more easily dealing with their shares in the market, and to afford facilities to them of selling their shares by at once showing a marketable title, and the effect of this facility is to make the shares of greater value. The power of giving certificates is, therefore, for the benefit of the company in general; and it is a declaration by the company to all the world that the person in whose name the certificate is made out, and to whom it is given, is a shareholder in the company, and it is given by the company with the intention that

> it shall be so used by the person to whom it is given, and acted upon in the sale and transfer of shares. It is stated in this case that the claimants acted *bona fide*, and did all that is required of purchasers of shares; they paid the value of the shares in money on having a transfer of the shares executed to them, and on the production of the certificates which were handed to them. It turned out that the transferors had in fact no shares, and that the company ought not to have registered them as shareholders or given them certificates, the transfer to them being a

**Page 47 of [1970] 2 All SA 28 (A)**
**View Parallel Citation**

> forgery. That brings the case within the principle of the decision in *Pickard* v. *Sears*, as explained by the case of *Freeman* v. *Cooke*, that, if you make a representation with the intention that it shall be acted upon by another, and he does so, you are estopped from denying the truth of what you represent to be the fact."

Ek is van mening dat in die omstandighede van die onderhawige geval, en weens die feite wat beweer word, dit nie nodig was vir die verweerder om uitdruklik nalatigheid te beweer nie.

In die onderhawige saak is daar egter nog 'n alternatiewe probleem. Selfs. al sou daar tog by 'n geval van dwaling in 'n saak soos hierdie na verwytbaarheid moet gesoek word as regsmotief, kan dit m.i. gesê word dat elke eienaar wat bewustelik sy eiendom verloën, in omstandighede soos uit die verweerskrif blyk, *prima facie* onderhewig aan 'n mate van verwytbaarheid is, omdat van hom, as eienaar verwag kan word dat hy in dergelike omstandighede nie ligvaardiglik sy eienaarskap sal ontken nie.

Daar is m.i. ook 'n praktiese oorweging wat in aanmerking behoort te kom. Wanneer die eienaar verwytbare handelinge verrig—of omissies pleeg—as hy iemand anders in besit stel van sy losgoed, en daardeur 'n skyn verwek, en die koper ageer op die verwekte skyn, kan 'n koper die bedoelde handelinge of omissies bewys. Wanneer die koper hom nie verlaat op 'n skyn nie, maar op die woord van die eienaar self, verlaat hy hom op die woord van die persoon wat behoort te weet of hy eienaar is of nie. Indien die eienaar later beweer—teen sy vorige verklaring in—dat hy wel eienaar is, en daar word verwag dat die koper moet bewys in watter opsig die eienaar in sy dwaling nalatig was, ontstaan die vraag meteen hoe die koper moet bewys dat die eienaar nalatig was. Hy kom dan m.i. voor 'n uiters moeilike of selfs onmoontlike situasie te staan.

Na my mening is dit ook nie uitgesluit nie dat 'n beroep gedoen kan word op estoppel deur alleen die feite in die verweerskrif te noem, en sonder afleidings daarvan uitdruklik te formuleer. Indien die feite inderdaad 'n reg op estoppel sou aantoon, sou 'n versuim om die regsmotief vir die estoppel uitdruklik te noem, m.i. nie die verweer eksipiabel maak nie. Indien aanvaar sou word dat 'n eienaar verwytbaar is, wanneer hy in bepaalde omstandighede sy eienaarskap verloën, sou 'n verweer, soos dié in die onderhawige geval, nie eksipiabel wees nie op grond daarvan dat die verweerskrif geen geldige pleit bevat nie, al sou die verweerder sê dat hy nie beweer dat daar nalatigheid was nie. Dié feite wat hy wel beweer toon 'n verwytbaarheid aan die kant van die eiser en hoogstens sou dit miskien aangevoer kan word dat die verweerskrif teenstrydig en daardeur verwarrend is. Ek dink nie ek is verkeerd as ek konstateer dat in baie gevalle in die praktyk 'n beroep gedoen word op estoppel met alleen 'n uiteensetting van die feite waarop die beroep gebaseer is.

In sy verweerksrif het die verweerder die feite uiteengesit, asook die informasie wat eiser hom gegee het, en 'n beroep gedoen op estoppel. Daarna het die eiser o.a. gevra in para. 1 van sy versoek om nadere besonderhede:

> „(*a*) Is it alleged that plaintiff was negligent in supplying the said information to defendant?
>
> (*b*) If so, in what respect or respects was plaintiff negligent."

**Page 48 of [1970] 2 All SA 28 (A)**
**View Parallel Citation**

En in para. 2 o.a.:

> „(*a*) Is it alleged that plaintiff's inducement of defendant's belief that Fakier had a good title to sell the said motor car was caused through negligence on plaintiff's part?
>
> If so:
>
> (i) In what respect or respects was plaintiff negligent?
>
> (ii) Is it alleged that plaintiff's negligence was the sole cause of defendant acting on the said belief?"

Die antwoord op hierdie lui soos volg:

> „Defendant does not make the allegations that plaintiff was negligent. Defendant says that plaintiff knew—when it informed defendant that the vehicle was Fakier's property—that defendant was contemplating purchasing it from Fakier, that he (defendant) was making enquiries from plaintiff as to whether plaintiff still had any interest in the ownership of the vehicle in order to satisfy himself that Fakier had good title to sell it, and that defendant would in all probability act on the information then being given to him by plaintiff; defendant says further that plaintiff, by its own act in giving the said information to defendant, held put to him that it was not the owner of the said vehicle and that Fakier was indeed the owner thereof."

Dit is m.i. duidelik dat met die oog op die bewering dat eiser geweet het dat verweerder oorweeg het om die motor te koop, die ontkenning dat nalatigheid beweer word, alleen betrekking kan hê op nalatigheid waarna in para. 1 van die versoek verwys word. Hoewel die verweerder verklaar dat hy nie nalatigheid beweer nie, is dit m.i. duidelik dat die feite waarop hy hom verlaat *prima facie* nalatigheid toon. Die verweer is miskien verwarrend maar bevat wel 'n grond van verweer.

Weens bogenoemde oorwegings is ek van mening dat die eiser, indien hy, in die alternatief, sou beweer dat hy nie verwytbaar was nie, toe hy die beweerde antwoord gegee het, so 'n bewering moet pleit, en dat die eksepsie teen die pleit van die verweerder nie moes geslaag het nie, en afgewys moet gewees het met koste, en dat die appèl behoort te slaag met koste.

**Appearances**

*HJO van Heerden* - Advocate/s for the Appellant/s

*Francis Thompson and Aspden, Kaapstad; Fred S. Webber and Seun, Bloemfontein* - Advocate/s for the Respondent/s

*LL Boshoff* - Advocate/s for the Respondent/s

*Charles Barnett, Barnett and de Beer, Woodstock; Goodrick and Franklin, Bloemfontein* - Attorney/s for the Appellant/s